VIERDE KWARTAAL REEKS 2023
WEEK 1: Die "...leef met oorgawe" deel van ons jaartema

Open julle byeenkoms met gebed.

Moontlike inleidende vrae:

- Ons jaartema vir 2023 is – ***Kom tot rus en leef met oorgawe***. Hoe het jy die ***"...leef met oorgawe"*** gedeelte verstaan toe jy dit op die kanselkleed /skerm lees?
- Wanneer dink jy is dit makliker om oor of in te gee en wanneer is dit moeilik?
- Vertel van iemand wat jy ken wat met oorgawe dinge doen. Hoekom dink jy doen hy/sy dit met soveel oorgawe?

Watter deel van Sondag se erediens - moontlik 'n lied, 'n woord, 'n vers of 'n moment - het God gebruik om met jou te praat?

Lees Johannes 15:1-17

- Wat laat die Heilige Gees jou nou uit hierdie teksgedeelte hoor?
- Watter deel van die teks weeg nou vir jou die swaarste?
- Hoekom dink jy dra dit vir jou soveel gewig?

Volgens vers 2; 8 en 16 is baie vrug vir God belangrik wanneer Hy na ons lewe kyk. Dit het talle mense al motiveer om op vrug dra te fokus, maar mettertyd het hulle moeg geraak en al minder vrug gedra. Ken jy die ervaring dat dinge vasdraai omdat jyself te hard probeer om vrug te dra? Deel jou ervaring met die groep.

Volgens ons belydenisskrifte leef ons dankbare lewens vir die groot genade wat God aan ons bewys het. Wat is die gevaar om ons vrug dra bloot as 'n dankbare reaksie op God se werk te sien?

Wat beteken dit om in die wingerdstok te bly?

Waar in jou lewe het jy al ervaar dat kontak met... rus in... en bly in die Here en sy liefde jou gehelp het om in liefde teenoor ander op te tree?

Hoe bly ons volgens vers 10 in sy liefde?

Watter dimensie van oorgawe dinamika breek vers 11 vir ons op?
Waarna verwys Jesus met "my blydskap"?

Watter voorwaarde stel die oorgawe konteks van Johannes 15:1-17 aan vers 7 en vers 16 se gebedsverhoring beloftes?

Samevatting:
Wat leer Johannes 15:1-17 vir ons oor die dinamika van ***...leef met oorgawe?***
Wat dink jy wil God vir jou uit Johannes 15 oor ***...leef met oorgawe*** sê?
Wat dink jy wil God hê moet jy nou met oorgawe doen?

Gee geleentheid vir gebedsversoeke en sluit met gebed in die groep af.